WEEK 4 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

BEDIENING: BEGELEIDING
(Netwerk: JONK Vrystaat)

Vrystaat #imagine 2018: **Gemeentes/belangstellendes, neem asseblief kennis!** Bring die volgende inligting onder alle tieners en jongmense se aandag: **vanaf 6 - 8 April 2018**, vind die ***#imagine experience*** vir die Vrystaat, weer te Nampopark by Bothaville, plaas. Vir meer besonderhede oor hierdie geleentheid, klik asseblief op die ***"flyer"*** hiernaas, klik ook **hier** vir 'n lys met kontakbesonderhede van die organiseerders, sowel as van die hubleiers regoor die Vrystaat.

BEDIENING: VENNOTE IN GETUIENIS

Hierdie bediening beskik oor 'n kampterrein, *Floradale Haven*, wat buite Bloemfontein op die Bultfontein-pad geleë is. Hulle verhuur dit aan persone wat net vir 'n dag/naweek wil wegbreek, of moontlik 'n konferensie/werkswinkel, ensovoorts, daar wil aanbied. Kontak hulle gerus vir meer besonderhede:

GEMEENTE NUUS:

VBO-GELEENTHEDE:

Vroueleraars Retreat: Die NG Kerk Vrystaat, in samewerking met die Sinodale Kommissie vir Vrouelidmate Vrystaat (SKV), bied 'n Retreat-geleentheid te Menuha (tussen Brandfort en Bloemfontein) aan, vir alle NG Kerk-vroueproponente- en predikante, **vanaf 19 tot 21 Februarie 2018**. Daar is **slegs plek vir 20 persone**, kontak asseblief vir Delmarie Viljoen by delmariealexader@gmail.com, of skakel 082 646 6891 vir meer inligting.

JONK VRYSTAAT bied aan: SELA 2018 - Musiekbedieningsopleiding:

Klik **hier** vir volledige inligting, **hier** vir die program en **hier** vir die inskrywingsvorm.

Werkswinkel: *Traumatic Incident Reduction*: Kom leer uiters bruikbare tegnieke om jou te help in berading en lewensbegeleiding, veral met die fokus op traumahantering. Die kursus is deel van *Applied Metapsychology International* se materiaal:

Datum: 5 - 8 Maart 2018

Plek: Bloemfontein

Punte wat verwerf kan word: **VBO** = 20 / **CPD** = 28 / **SACSSP** = 16

Koste: R4750p/p, sluit middagetes, verversings en materiaal in

Aanbieders: Yvonne Retief (**http://yvonneretief.weebly.com**) en ds Petri Coetzee

Getuienisse: "Vir die eerste keer voel dit of ek as Predikant regtig mense kan help..."

"Ek het geleer, trauma is die wortel van baie gedragsprobleme by ons lidmate en nou kan ek hulle help!"

"My hele pastorale aanslag het verander. Ek is so opgewonde om meer te kan doen as net 'n Bybelvers te gee en te bid."

"As maatskaplike werker is dit die tegniek wat ek seker die meeste gebruik om stukkende mense op te tel."

"As sielkundige gebruik ek net TIR vir ongeveer 85% van die gevalle waarmee ek werk."

Navrae: Ds Petri Coetzee by 084 207 3508, of **p3coetzee@icloud.com** vir verdere besonderhede en 'n inskrywingsvorm.

Ander VBO geleenthede in 2018:

1. **Trauma-Konferensie** (16 - 18 April) by die Gariepdam

2. VBO-Week (2 - 5 September)
Belangstellendes kan solank die **datums aanteken**, meer besonderhede sal mettertyd bekend gemaak word, hou asseblief hierdie spasie dop!

AKTUEEL / ALGEMEEN



Wêreldbiddag vir Vroue - 2 Maart 2018: Die tema vir vanjaar se Wêreldbiddag vir Vroue is, ***Hoe wonderbaar is u skepping!*** - die skrywerland is **Suriname**. Kry die bestelvorm **hier** om programme (tweetalig / Afrikaans / Engels / Kinder en Jeug Afrikaans / Kinder en Jeug Engels), sowel as plakkate, CD's, 'n PP-aanbieding en allerlei aandenkings met die biddag-embleem, vroegtydig te bestel. Rig enige navrae aan Joa van Aarde by **wwdp@telkomsa.net**, of skakel 011 975 4598.

Jesus - Die Passiespel: Die ATKV-tak Gemeenskapsteater, wat die vervaardiging van die uiters suksesvolle produksies, *Pilatus - 'n kruis in die pad* (2016) en *Judas Iskariot - wat is die prys van bloedgeld?* (2017), behartig het en ook tydens die 2017 Algemene Jaarvergadering van die ATKV die WOW-projek vir Pilatus ontvang het (dus die beste nasionale projek van 2016), kondig met trots hul volgende projek aan: ***Jesus - Die Passiespel…*** Dit is gemeenskapsteater op sy heel beste en word in samewerking met PACOFS, ATKV, *Free State Youth Orchestra* (olv Alexander Fokkens), *Volksblad*, *Bloemnuus*, *Radio Rosestad* en *Copy King* gedoen. Kaartjiepryse is ook so laag as moontlik gehou om dit bekostigbaar vir almal te probeer maak (R 80 en R95).

Dit is vars. Dit is uniek. Dit is groot… en dit is in Afrikaans!
Wat is die grootste daad van liefde?
Kom vind uit… Jesus - Die Passiespel.